Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2026

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3 NASIENRIGLYN

PUNTE: 100

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 20 bladsye en vier rubrieke.

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

SKRYF EN AANBIED

ALGEMEEN

1. Gebruik die rubrieke soos volg:

AFDELING A:	VRAAG 1	OPSTEL
AFDELING B:	VRAAG 2.1	VRIENDSKAPLIKE BRIEF
	VRAAG 2.2	FORMELE VERSLAG
	VRAAG 2.3	HULDEBLYK
	VRAAG 2.4	DIALOOG
AFDELING C:	VRAAG 3.1	PLAKKAAT
	VRAAG 3.2	INSTAGRAM-BOODSKAP
	VRAAG 3.3	RIGTINGAANWYSINGS

2. Bestudeer die rubrieke baie deeglik. Let veral daarop dat beplanning, formaat, redigering en struktuur by die rubrieke ingesluit is.

3. Indien ’n leerder se opstel heeltemal in Engels is, verdien die leerder geen punte nie. Kommentaar sal wees: Engels.

4. Indien ’n skryfstuk grootliks uit die vraestel saamgeflans word, of dele van opdragte uit die vraestel net so oorgeskryf word, ontvang die leerder ook geen punte nie. Kommentaar sal wees: Nie eie werk nie/Saamgeflans.

5. Indien die leerder se **INHOUD** glad nie, of net vaagweg, in ooreenstemming met die onderwerp is, is die skryfstuk **onvoldoende** en word die punt (1-3) by **ONVOLDOENDE** toegeken. Dieselfde geld by **TAAL** (1-3) en **STRUKTUUR** (1). Indien die leerder se taal nie heeltemal onverstaanbaar is nie, daar wel sinsverskeidenheid is en woordeskat bloot beperk, kan ’n leerder by **TAAL LAAG ELEMENTÊR** (4) verdien.

6. Indien die leerder se **INHOUD gedeeltelik** in ooreenstemming met die onderwerp is, maar die **fokus word nie goed behou** nie, is die **idees onduidelik** en die **samehang wisselvallig**. Dus is die respons **ELEMENTÊR**.

7. Voorgeskrewe nasiensimbole (bladsy 3) moet by die nasien van ’n skryfstuk gebruik word.

8. Visuele tekste: VRAAG 1.6, 1.7 en 1.8

   - Die titel en die visuele prikkel behoort bymekaar aan te sluit.
   - Indien die titel nie by die visuele prikkel pas nie, maar die inhoud spreek steeds die visuele prikkel aan, word die titel geïgnoreer.
   - Die onderwerpe kan verhalend, beskrywend, bespiegelend, beredeneerd of argumenterend wees.

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

SIMBOLE/TEKENS BY DIE NASIEN

Die volgende simbole/tekens behoort gebruik te word:

VERDUIDELIKING	SIMBOOL	BESKRYWING
Woordorde	( ) →	Hakies/pyltjie
Spelfout	=	Twee strepies onder 'n woord
Woordkeuse	/	Haal met 'n streep deur
Tydfoute	**T** (in kantlyn)	Hoofletter **T**
Woord(e) weggelaat	**Λ**	Weglaatteken
Taalfoute	_____	Enkelstreep onder die taalfout
Paragraafindeling	//	Dubbele skuinsstreep
Paragraaf is een lang, lomp sin	**[**	Begin van nuwe sin
Woorde uit ander tale/ nie-funksionele / vreemde woorde • Standaardafrikaans bly die norm. • Gebruiksafrikaans moet vermy word. • Aanvaar terminologie waarvoor Afrikaans nog nie ekwivalente het nie.	**X**	Trek X oor die verkeerde woord
Erkenning van taaljuweeltjies	√ (bo die woord)	Regmerkie bokant goeie taalgebruik, idees of uitdrukkings.
Herhaling	**hh** (in die kantlyn)	Dubbele **hh**
Onduidelik/ onverstaanbaar	∫ (in die kantlyn)	Kronkelstreep
Saamgeflans uit die vraestel	**Vr** (in die kantlyn)	Hoofletter **V** en kleinletter **r**
Punktuasie	**O**	Omkring
Aanvaar terminologie waarvoor Afrikaans nog nie ekwivalente het nie.		Geen penalisering

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

NEERSKRYF VAN PUNTE

1. Gebruik die korrekte rubriek vir elke tipe skryfstuk.

2. Assesseer die leerder se skryfstukke na aanleiding van die **vyf VAARDIGHEIDSVLAKKE** volgens:

   AFDELING A: **INHOUD en BEPLANNING** (30 punte), **TAAL, STYL en REDIGERING** (15 punte) en **STRUKTUUR** (5 punte).

   AFDELING B: **INHOUD, BEPLANNING en FORMAAT** (18 punte), **TAAL, STYL en REDIGERING** (12 punte).

   AFDELING C: **INHOUD, BEPLANNING en FORMAAT** (12 punte), **TAAL, STYL en REDIGERING** (8 punte).

3.
- Bepaal heel eers in watter hoofvlakomskrywing die skryfstuk val, bv. KNAP.
- Bepaal vervolgens of die skryfstuk in die hoë- of laevlaksubkategorie val, bv. KNAP hoog.
- Assesseer dan watter punt die skryfstuk verdien. Skryf slegs een punt neer, bv. uit die kategorie (22–24) kies en skryf die nasiener 22 uit 30 vir inhoud en Beplanning.
- In Afdeling A word dieselfde werkswyse by Taal, Styl en Redigering sowel as Struktuur gevolg.
- In Afdeling B en C word dieselfde werkswyse by Inhoud, Beplanning en Formaat sowel as Taal, Styl en redigering gevolg.

4. Hou die **puntetoekenning** by die onderskeie vaardigheidsvlakke in gedagte. Dis 'n hulpmiddel.

5. Let daarop dat daar by Struktuur in AFDELING A sowel as die kategorieë in AFDELING B en C nie tussen hoë en lae vlakke onderskei word nie.

6. Skryf die punte soos volg neer:

AFDELING A	Kode	Punt
I/B	Knap +	22
T/S/R	Uitsonderlik –	13
S	Knap	4
TOTAAL:		39

AFDELING B	Kode	Punt
I/B/F	Gemiddeld	10
T/S/R	Elementêr	5
TOTAAL:		15

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

AFDELING C	KODE	PUNT
I/B/F	Gemiddeld	7
T/S/R	Elementêr	3
TOTAAL		10

TAALVAARDIGHEID: SKRYF EN AANBIED

Hierdie nasienriglyn moet saam met die aangehegte Afrikaans EAT-assesseringsrubrieke vir AFDELING A, B en C gebruik word.

LET WEL: Kandidate word nie addisioneel gepenaliseer vir afwykings nie, want die rubrieke maak daarvoor voorsiening.

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

ANALISE VAN VRAESTEL

AFDELING A: OPSTEL

1.1 **Die dag toe ek moes grootword**

- Hierdie opstel leen hom die beste tot die volgende opsteltipes:
  - **Verhalende opstel**: Hier vertel die leerder op 'n interessante wyse 'n storie waar hy/sy in 'n moeilike situasie was en moeilike besluite moes neem. 'n Storie waar hy/sy moet bewys dat hy/sy soos 'n volwassene kan dink. Die storie behoort die proses wat hy/sy deurgegaan het om tot by die punt van volwassenheid te kom, te bevat.
  - **Beskrywende opstel**: Hier beskryf die leerder op 'n lewendige wyse die gebeure wat daartoe gelei het dat hy/sy volwasse moes optree/volwasse besluite moes neem.
  - **Bespiegelende opstel:** Hier bespiegel die leerder oor volwassenheid/wat dit beteken om volwasse te wees.
- Die leerder kan enige tipe opstel aanbied.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. **[50]**

1.2 **My kultuur maak my wie ek is**

- Hierdie opstel leen hom die beste tot die volgende opsteltipes:
  - **Beskrywende opstel**: Hier beskryf die leerder op 'n lewendige wyse sy/ haar kultuur en wat dit behels. Die leerder kan beskryf hoe sy/haar kultuur sy/haar identiteit vorm. Die leerder mag op verskillende aspekte van die kultuur fokus of slegs op een aspek en dit dan volledig uitbrei.
  - **Verhalende opstel**: Hier vertel die leerder op 'n interessante, lewendige, kreatiewe wyse 'n storie waar sy/haar kultuur en wat dit behels, sterk na vore gekom het, bv. Besnyding, Diwali, Ramadaan, ens.
  - **Bespiegelende opstel:** Hier dink die leerder oor sy/haar kultuur en bespreek sy/haar idees. Die leerder kan oor die konsep van kultuur en identiteit bespiegel of wonder oor sy/haar eie kultuur/identiteit in die samelewing.
  - **Argumenterende opstel:** Hier neem die leerder reg van die begin af standpunt in, nl. dat sy/haar kultuur sy/haar identiteit vorm. Die opinie moet met gespaste voorbeelde gestaaf word.
  - **Beredeneerde opstel:** Hier beredeneer die leerder die idee dat 'n mens se kultuur jou identiteit vorm. Hy/Sy kan dit dan op sy/haar eie lewe toepas. Die leerder kan gepaste voorbeelde noem om sy/haar opinie te staaf. Die essensie van die opstel is uiteraard om te bepaal of jou kultuur wel jou identiteit vorm. Die leerder kan dan tot 'n slotsom van die onderwerp in die slotparagraaf kom.
- Die leerder kan enige tipe opstel aanbied.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. **[50]**

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

1.3 **Hierdie persoon het my lewe verander**

- Hierdie opstel leen hom die beste tot die volgende opsteltipes:
  - **Verhalende opstel:** Hier vertel die leerder op 'n interessante wyse 'n storie oor hoe een persoon sy/haar lewe verander het. Hier kan op een insident of meer insidente gefokus word. Die stories mag oor enige tydperk of 'n spesifieke tydperk in die leerder se lewe wees.
  - **Beskrywende opstel**: Hier beskryf die leerder op 'n kreatiewe wyse die persoon wat sy/haar lewe beïnvloed/verander het en wat die spesifieke persoon gedoen het wat so merkwaardig vir hom/haar was.
  - **Bespiegelende opstel**: Hier dink die leerder oor die persoon wat sy/haar lewe verander het. Die leerder kan oor die persoon se rol in sy/haar lewe bespiegel en tot die slotsom kom of dit lewensveranderend was of nie.
  - **Argumenterende opstel:** Hier neem die leerder reg van die begin af standpunt in oor die rol van die persoon in sy/haar lewe. Die leerder kan dan sy/haar standpunt verdedig deur voorbeelde te verskaf van die persoon se rol in sy/haar lewe. **[50]**

1.4 **Sport bring mense bymekaar**

- Hierdie opstel leen hom die beste tot die volgende opsteltipes:
  - **Verhalende opstel:** Hier vertel die leerder op 'n interessante en kreatiewe manier 'n storie wat sy/haar liefde vir sport uitbeeld en hoe sport verskillende mense bymekaar gebring het.
  - **Beskrywende opstel**: Hier beskryf die leerder op 'n lewendige wyse die rol van sport in sy/haar lewe en hoe dit mense verenig. Die leerder kan oor die verskillende sportsoorte skryf of op een sport fokus, maar die slotsom moet wees dat sport mense verenig en nie skei nie.
  - **Beredenerende opstel**: Hier beredeneer die leerder of sport werklik mense bymekaar bring. Hy/sy kan argumente aanvoer waarom hy/sy glo dat sport mense verenig. Albei kante van die argument moet genoem word.
  - **Argumenterende opstel**: Hier neem die leerder van die begin af standpunt in dat sport mense verenig. Die leerder sal dan voorbeelde noem om sy/haar argumente te staaf. Die leerder moet tot die slotsom kom dat sport mense verenig of nie.
- Die leerder kan enige tipe opstel aanbied.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. **[50]**

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

1.5 **Moet ons alles op sosiale media glo?**

- Hierdie onderwerp leen hom die beste tot die volgende opsteltipes:
  - **Verhalende opstel**: In 'n verhalende opstel vertel die leerder op 'n interessante wyse 'n storie waar iemand 'n plasing op sosiale media geglo het wat toe uiteindelik nie waar was nie. Die leerder mag ook 'n opstel skryf oor 'n geloofwaardige storie wat op sosiale media geplaas is.
  - **Beskrywende opstel**: Hier beskryf die leerder op 'n lewendige wyse 'n insident of situasie waar iemand iets op sosiale media gesê of gedoen het wat glad nie waar was nie (of wat waar was). Hier kan verskeie voorbeelde van fopnuus genoem word en die geloofwaardigheid waarmee dit opgedis word.
  - **Bespiegelende opstel**: Hier bespiegel/wonder/oorweeg die leerder of 'n mens dit wat jy op sosiale media sien, kan glo of as die waarheid kan aanvaar. Die leerder moet tot die slotsom kom dat alles op sosiale media nie geglo kan word nie.
  - **Beredenerende opstel**: Hier beredeneer die leerder of sosiale media geloofwaardig is of nie. Die leerder kan argumente en teenargumente aanvoer om sy/haar opinie te staaf. Albei kante van die saak kan genoem word. Die leerder sal tot die slotsom kom dat sosiale media geloofwaardig is of nie.
  - **Argumenterende opstel**: Hier neem die leerder van die begin af standpunt in, nl. dat alles op sosiale media nie geglo moet word nie of geglo moet word. Die leerder kan dan sy/haar opinie met voorbeelde staaf.
- Die leerder kan enige tipe opstel aanbied.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. **[50]**

VISUELE PRIKKELS

- Die inhoud van die opstel moet by die visuele prikkel pas. Daar moet onthou word dat hierdie visuele prikkels oop is vir 'n verskeidenheid interpretasies. Die leerder se perspektief moet by assessering oorweeg word, maar slegs wanneer dit by die prikkel aansluit.
- Verskillende persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.
- 'n Opstel kan ook elemente van verskillende tipes opstelle bevat.

1.6 **PRENTJIE: Ma wat kind se handjies omvou**

- Die leerder kan enige tipe opstel aanbied.
- Letterlike interpretasie: Ma en dogter/pa en seun; ouers en kinders; tienerswangerskap, ens.
- Figuurlike interpretasie: Verhoudings; beskerming; geborgenheid; liefde, ens.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. **[50]**

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

1.7 **PRENTJIE: Leerders wat boeke in die lug gooi**

- Die leerder kan enige tipe opstel aanbied.
- Letterlike interpretasie: My laaste eksamen; skool is finaal klaar; twaalf jaar van swoeg en sweet het uiteindelik tot ’n einde gekom, ens.
- Figuurlike interpretasie: My toekoms; uiteindelik vry van boeke; ek is my eie baas; nou kan ek my eie keuses maak, ens.
- Asesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. **[50]**

1.8 **PRENTJIE: Landkaart met Oos-Kaapse dorpe**

- Die leerder kan enige tipe opstel aanbied.
- Letterlike interpretasie: Dorpies wat ek nog wil besoek; reis deur die Oos-Kaap; naamverandering in Suid-Afrikaanse dorpe/stede, ens.
- Figuurlike interpretasie: Wat is in ’n naam? Verandering; waar vandaan ons kom, ens.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. **[50]**

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

FOKUS

Die leerder skryf 'n **vriendskaplike brief** aan sy/haar maat waarin hy/sy die maat beter laat voel/troos omdat hulle nie dieselfde universiteit gaan bywoon nie.

KENMERKE

- Die vriendskaplike brief het 'n bepaalde formaat wat herkenbaar en korrek moet wees.
- Die aanslag is informeel.
- Die doel van die brief moet duidelik wees, nl. om die maat te bemoedig/op te beur/te troos omdat hulle nie dieselfde universiteit gaan bywoon nie.
- Die inhoud moet in paragrawe aangebied word.
- Die brief behoort 120-150 woorde te hê.

INHOUD, INSLUITEND IDEES EN DETAIL

- Die inhoud van die brief moet die fokus ondersteun.
- 'n Verskeidenheid volwasse en intelligente idees word gegee.
- Gepaste detail brei die idees uit.
- 'n Gepaste groet.

FORMAAT

Die formaat van die brief moet korrek wees:

Leestekens

- Geen leestekens word in die adres, aanhef of slot gebruik nie.

Die adres en datum

- Die adres van die briefskrywer moet regs boaan in blokvorm geskryf word.
- Daar word nie 'n reël tussen die poskode en die datum oopgelaat nie.
- Die datum word voluit geskryf: 28 September 2026.
- **Toegewing**: 'n Reël mag tussen die datum en aanhef oopgelaat word of nie.
- Let op die verskillende wyses waarop die adres geskryf kan word.

Die aanhef, doel, afsluiting en slot

- Aanhef: "Beste" of "Liewe" word gebruik; dit word teen die linkerkantlyn geskryf.
- Groete/Liefdegroete kry 'n punt aan die einde.
- Daar word nie 'n reël tussen *Jou maat/vriend/vriendin* en die naam oopgelaat nie.
- Die omskrywing, bv. *Jou maat/vriend/vriendin*, voor die briefskrywer se naam, is opsioneel.

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

Die paragrawe

- ’n Reël word tussen die paragrawe oopgelaat.
- Die inleidingsparagraaf stel die rede vir die brief duidelik, nl. dat die briefskrywer sy/haar maat wil opbeur omdat hulle nie volgende jaar by dieselfde universiteit sal wees nie.
- Die liggaam van die brief brei uit op die rede vir die brief. Die briefskrywer brei uit oor alles wat dalk volgende jaar kan gebeur.
- Die slotparagraaf moet die brief saamvat en treffend wees.

Let op die verskillende wyses hieronder waarop die adres geskryf kan word.

Voorbeelde van die briefskrywer se adres:

Kerkstraat 1 Uitbreiding/Voorstad Pleknaam Kode	Posbus 88 Pleknaam Kode	Huis 342 Pleknaam Kode	Plot 588 Pleknaam Kode
Rusthof Pleknaam Kode	Sewende Laan 10 Westdene Kode	Of Sewendelaan 10	

Let op die volgende: **Kerkstraat** is altyd een woord omdat dit ’n samestelling van TWEE soortname is. **Arcadia Straat** is ’n samestelling tussen ’n eienaam en ’n soortnaam en daarom kan dit soos volg geskryf word: Arcadiastraat, Arcadia Straat, Arcadia-straat, Arcadia-Straat. (*AWS*, 2017, bladsy 173).

Geen Engels, behalwe amptelike Engelse name, bv. Mandela Square, word aanvaar nie.

TAAL EN STYL, INSLUITEND TOON EN REGISTER

- Die taal en styl van die brief is informeel en gemaklik.
- Die toon is bemoedigend sodat die maat nie teleurgesteld voel omdat hulle nie dieselfde universiteit sal bywoon nie.
- Die woordkeuse getuig van goeie woordeskat en dit pas by die toon en register wat die skryfstuk vereis.
- Grammatika:
  - Sinne word korrek gebou.
  - Taalstrukture en -konvensies word korrek aangebied.
  - Spelling is korrek.

[30]

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

2.2 FORMELE VERSLAG

FOKUS

Die leerder skryf 'n **formele verslag** oor die diefstal van sy/haar foon tydens die musiekkonsert.

KENMERKE

- Die inhoud van die formele verslag is saaklik en opsommend en lig die besonderhede van die diefstal uit.
- Die inligting moet feitelik korrek wees.
- Die verslag verskaf inligting oor die vrae: wie?, wat?, waar? en wanneer?
- Die toon, styl en woordkeuse is saaklik en objektief.
- Die verslag behoort 120-150 woorde te hê.

FORMAAT

- Daar is 'n opskrif wat die doel van die verslag aandui.
- Die inligting moet korrek en verifieerbaar wees.
- Geen emosionele taal nie; die styl is kort en saaklik.
- Paragraaf 1: Persoonlike inligting, bv. naam, van, adres, ID-nommer, kontaknommer van die persoon wat die verslag saamstel.
- Paragraaf 2: Besonderhede van gebeure (datum, tyd en plek van die insident by die konsert)
- Paragraaf 3: Meer inligting/besonderhede van die insident.
- Paragraaf 4: Samevatting of gevolgtrekking.
- Die paragrawe moet 'n logiese verduideliking van die insident wees.
- Die verslag is kort en bondig, maar moet soveel moontlike detail verskaf.
- Die inligting mag ook onder subopskrifte gegee word.
- Die leerder gebruik sover moontlik die eerste persoon.
- Die verslag word in die verlede tyd geskryf.
- Die verslag word onderteken en van 'n datum voorsien.

TAAL EN STYL, INSLUITEND TOON EN REGISTER

- Die toon is saaklik en informatief.
- Die taal moet eenvoudig/maklik verstaanbaar wees.
- Die taal, styl en register moet by die formele verslag pas.
- Emosioneel- gelaaide woorde is ontoepaslik.
- Grammatika:
  - Sinne word korrek gebou.
  - Taalstrukture en konvensies word korrek aangebied.
  - Spelling van woorde is korrek.

[30]

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

2.3 HULDEBLYK

FOKUS

Die leerder skryf die **huldeblyk** aan sy/haar gunstelingsportafrigter wat hy/sy by die afskeidspartytjie sal lewer. Die leerder kan vertel watter belangrike invloed die sportafrigter op die leerders se lewens gehad het en wat hy/sy vir die skool beteken het.

KENMERKE

- Die huldeblyk het 'n bepaalde formaat wat herkenbaar en korrek moet wees.
- Die aanslag is waarderend en respekvol.
- Die doel van die huldeblyk moet duidelik wees, nl. om hulde aan 'n gunstelingsportafrigter wat 'n groot impak op die leerders se liefde vir sport gemaak het, te bring.
- Die huldeblyk moet in die verlede tyd geskryf word wanneer daar na die sportafrigter se afrigting verwys word en die goeie wense aan die sportafrigter moet in die teenwoordige tyd geskryf word.
- Die huldeblyk moet 120-150 woorde wees.

INHOUD, INSLUITEND IDEES EN DETAIL

- Die inhoud van die huldeblyk moet die fokus ondersteun.
- 'n Verskeidenheid volwasse en intelligente idees word gegee.
- Gepaste detail brei die idees uit:
- Bekendstelling van die sportafrigter.
- Oorsig oor die sportafrigter se lewe.
- Enkele staaltjies uit die tyd toe die sportafrigter by die skool was en sport afgerig het.
- Waardering vir die sportafrigter se bydrae tot sy/haar lewe met verwysing na die sport en enige ander lewensles wat hy/sy by die afrigter geleer het.
- Die afrigter moet goeie wense vir sy toekoms oorsee toegewens word.
- Kultuurkontekste moet in ag geneem word.

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

FORMAAT

Die formaat van die huldeblyk moet korrek wees.

- **Opskrif**
  Die huldeblyk moet 'n opskrif hê en dit mag 'n subopskrif insluit.
- **Die inleidende paragraaf**
  Die inleidende sin is baie belangrik. Die huldeblyk word met 'n groet ingelei en die aanwesiges se aandag word vasgevang. Die spreker gee die rede vir die samekoms.
- **Paragraaf 2**
  Die volgende besonderhede van die sportafrigter kan gegee word: naam en van en oorsig oor sy lewe.
- **Paragraaf 3 en verder**
  Die huldeblyk sluit verskillende hoogtepunte wat persoonlike gebeure en staaltjies oor die sportafrigter se lewe bevat. Dit word in verskillende daaropvolgende paragrawe bespreek. Elke paragraaf handel (verkieslik) oor 'n nuwe feit/gedagte.
- **Slotparagraaf**
  In die slot kan die spreker waardering uitspreek vir die afrigter. Die spreker moet die afrigter hier of in een van die ander paragrawe voorspoed toewens.

TAAL EN STYL, INSLUITEND TOON EN REGISTER

- Die toon is informeel, vriendelik, waarderend, liefdevol, bemoedigend en taktvol.
- Die taal en styl van die huldeblyk stem met die toon ooreen.
- Die woordkeuse getuig van goeie woordeskat en dit pas by die toon en register wat die huldeblyk vereis.
- Grammatika:
  - Sinne word korrek gebou.
  - Taalstrukture en konvensies word korrek aangebied.
  - Spelling van woorde is korrek.

[30]

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

2.4 DIALOOG

FOKUS

Die leerder skryf die **dialoog** wat hy/sy met die potensiële borg van die beurs sal voer. Die fokus is op wat die leerder gaan studeer indien hy/sy die beurs kry.

KENMERKE

- Die dialoog het 'n bepaalde formaat wat herkenbaar en korrek moet wees.
- Die aanslag is informeel.
- Die doel van die dialoog is om te vertel wat die leerder met die beursgeld gaan studeer.
- Elke spreekbeurt dra by tot die doel van die dialoog, nl. om te vertel wat die leerder beoog om te gaan studeer.
- Die taal en styl is informeel en gemaklik.
- Die dialoog behoort 120-150 woorde te hê.

INHOUD, INSLUITEND IDEES EN DETAIL

- Die inhoud van die dialoog moet die fokus ondersteun.
- 'n Verskeidenheid volwasse en intelligente idees word duidelik uiteengesit.
- Gepaste detail dra by tot die ontwikkeling van die gesprek:
- Waarom die spreker die beurs nodig het.
- Wat die spreker wil studeer.
- Hoe die spreker kan terugsaai in die gemeenskap.
- Kultuurverskille moet te alle tye in ag geneem word.

FORMAAT

- Die name van die sprekers (leerder en borg) word netjies onder mekaar geskryf, teenaan die linkerklantlyn.
- Die naam van die leerder kan met "Ek" vervang word.
- Daar kom 'n dubbelpunt na elke naam.
- Geen aanhalingstekens word gebruik nie.
- Laat 'n reël na elke spreekbeurt oop.
- Spreekbeurte is in blokvorm.
- Die leerder behoort 'n konteks te skep voordat die dialoog geskryf word.
- Ekstra inligting word tussen hakies voor die spreker se woorde geskryf of waar dit toepaslik is.

LET WEL: Alle woorde in die inhoud behalwe die name van die sprekers word getel.

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

TAAL EN STYL, INSLUITEND TOON EN REGISTER

- Die toon kan getuig van opwinding en afwagting.
- Die aanspreekvorm, taal en styl is informeel en gemaklik, dog hoflik. Die woordkeuse getuig van goeie woordeskat en dit pas by die toon en register wat hierdie dialoog vereis.
- Grammatika:
  - Sinne word korrek gebou.
  - Taalstrukture en - konvensies word korrek aangebied.
  - Spelling is korrek.
  - Funksionele gebruik van leestekens verhoog die waarde van die teks.

[30]

ONTLEDING VAN LANG TRANSAKSIONELE TEKSTE

Die vrae is só geformuleer dat 'n persoonlike inkleding van die gekose onderwerp van die leerder verwag word.

TOTAAL AFDELING B: 30

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 3

3.1 PLAKKAAT

FOKUS

Die leerder ontwerp 'n **plakkaat** wat die lesers moet oortuig om verskeie tweedehandse items op sy/haar aanlynwinkel te koop.

KENMERKE

- Die plakkaat het 'n bepaalde formaat wat herkenbaar en korrek moet wees.
- Die plakkaat is 'n inligtingsblad wat die teikenmark moet aanmoedig om aanlyn te gaan en items by die aanlynwinkel te koop.
- Die teikenmark is jongmense wat toegang tot rekenaars het.
- Die nodige inligting word logies in die plakkaat uiteengesit.
- Die krag van die plakkaat lê in sy eenvoud.
- Die leser moet die plakkaat maklik verstaan.
- Hierdie plakkaat, nes 'n advertensie, berus op die sogenaamde ABBA-beginsel:
  - Dit moet die leser se **aandag** trek deur verskillende lettertipes en lettergroottes.
  - Die leser se **belangstelling** moet gewek word deur middel van interessante inhoud en uitleg.
  - Hierdie plakkaat moet 'n **begeerte** by die leser wek om die tweedehandse items te koop.
  - As die plakkaat in sy doel slaag, sal die leser tot **aksie** oorgaan en die items koop. Die plakkaat sal hierdie aksie vergemaklik deur volledige inligting, soos bv. Kontaknommer, ens. te verskaf.
  - Die plakkaat behoort 80-100 woorde te hê.

INHOUD, INSLUITEND IDEES EN DETAIL

- Die inhoud van die plakkaat moet die fokus ondersteun.
- Die volgende inligting behoort in die plakkaat gegee te word:
  - Wat word alles verkoop?
  - Wie is die teikengroep?
  - Aan wie word die items verkoop?
  - Waar kan die items gaan haal word?
  - Wanneer en hoe laat is die aanlynwinkel beskikbaar om items te laat afhaal?
  - Kontakbesonderhede/navrae?

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

FORMAAT

- Die belangrikste inligting trek dadelik die leser se aandag.
- Verskillende lettertipes (fonts) word gebruik.
- Verskillende lettergrootes word gebruik om die plakkaat interessant/leservriendelik te maak.
- Geen omslagtige paragrawe nie.
- Inligting kan puntsgewys gegee word.

TAAL EN STYL, INSLUITEND TOON EN REGISTER

- Die toon is informatief, oorredend en spreek die leser direk aan.
- Die taal en styl is informeel en gemaklik.
- Die woordkeuse, styl en register is slim en oorredend van aard en getuig van goeie woordeskat.
- Grammatika:
  - Sinsbou is funksioneel.
  - Taalstrukture en -konvensies word korrek aangebied.
  - Spelling van woorde is korrek.
  - Funksionele gebruik van leestekens verhoog die waarde van die teks.

[20]

3.2 **INSTAGRAM-BOODSKAP**

FOKUS

Die leerder skryf 'n **kort teksboodskap** wat hy/sy op sy/haar instagramblad sal plaas om die misverstand rakende die smaakmaker reg te stel.

KENMERKE

- Die kort teksboodskap het 'n bepaalde formaat wat herkenbaar en korrek moet wees.
- Die aanslag is informeel. SMS-taal word nie aanvaar nie.
- Die doel van die teksboodskap moet duidelik wees, nl. om die misverstand rakende die gunstelingsmaakmaker uit die weg te ruim.
- Die kort teksboodskap behoort 80-100 woorde te hê.

INHOUD, INSLUITEND IDEES EN DETAIL

- Die inhoud moet die fokus ondersteun.
- Die inhoud is persoonlik van aard.
- Die leerder se verduideliking om die misverstand rakende die smaakmaker op te los/ uit die weg te ruim.
- Gevoelens en gedagtes word beskryf.

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

FORMAAT

- Dit is beleefd om eers te groet voordat jy die boodskap skryf.
- Die uiteensetting mag in paragraafvorm wees.
- Die tyd wanneer die boodskap gestuur is, word in die laaste reël of onderaan in die regterkantste hoek geskryf.

TAAL EN STYL, INSLUITEND TOON EN REGISTER

- Die toon is persoonlik.
- Die styl is informeel.
- Die woordkeuse getuig van die leerder se vermoë om sy/haar gedagtes en emosies met min woorde te beskryf.
- Beskrywende woorde word fyn gekies.
- Die leerder skryf in die verlede/teenwoordige tyd.
- Grammatika:
  - Sinne word korrek gebou.
  - Taalstrukture en konvensies word korrek aangebied.
  - Spelling is korrek.
  - Vermy sms-taal en afkortings.

[20]

3.3 **RIGTINGAANWYSINGS**

FOKUS

Die leerder gee **aanwysings** vir sy/haar maat om vanaf die skool na Binnelandse Sake te gaan om sy/haar ID-dokument te laat maak.

KENMERKE

- Rigtingaanwysings het 'n bepaalde formaat wat herkenbaar en korrek moet wees.
- Die aanslag is informeel en informatief.
- Die doel van die teks is om rigting aan te dui.
- Die rigtingaanwysings moet duidelik en puntsgewys uiteengesit word.
- In hierdie teks kan tipiese bevelsinne gegee word. Dit kan afgewissel word met bakenaanduidings in die vorm van stelsinne.
- Die aanwysings behoort 80-100 woorde te hê.

INHOUD, INSLUITEND IDEES EN DETAIL

- Die inhoud moet die fokus ondersteun.
- Die inhoud is persoonlik van aard.
- Gebruik woorde wat rigting aandui, noem padtekens en bakens.
- Hierdie teks leen hom nie tot die uitbreiding van idees met onnodige detail nie.
- Rigtingaanwysings behoort kronologies gegee te word.

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

FORMAAT

- Die rigtingaanwysings kan genommer word, met kolpunte aangedui word of slegs as sinne geskryf word.

LET WEL: Deel van die opdrag by hierdie vraag is dat leerders die aanwysings puntsgewys, onder mekaar en in volsinne moet neerskryf.

TAAL EN STYL, INSLUITEND TOON EN REGISTER

- Die toon is informatief/verduidelikend.
- Die aanspreekvorm, taal en styl is gemaklik/informeel.
- Die rigtingaanwysings word in die teenwoordige tyd geskryf.
- Die woordkeuse getuig van die leerder se vermoë om met die gebruik van min woorde inligting te gee. Omdat daar nie te veel detail gegee kan word nie, moet die leerder hier bewys lewer dat hy/sy met gepaste bywoorde/byvoeglike naamwoorde kan werk.
- Die grammatika en spelling geniet aandag*:*
- Sinne begin gewoonlik met ’n werkwoord (bevelsin) of “Jy moet ...” of
- “Onthou om ... ”
- Sinne word korrek gebou.
- Persoonlike voornaamwoorde word gebruik in plaas van eiename.
- Taalstrukture en-konvensies word korrek aangebied.
- Spelling is korrek.

[20]

ONTLEDING VAN KORT TRANSAKSIONELE TEKSTE

Die vrae is só geformuleer dat ’n persoonlike inkleding van die gekose onderwerp van die leerder verwag word.

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

LET WEL:

- Gebruik altyd die rubriek by die nasien van die opstel (Vraestel 3, AFDELING A).
- Punte van 0–50 is in VYF hoofvlakomskrywings verdeel.
- Die kriteria vir Inhoud, Taal en Styl is verder in elk van die vyf vlakomskrywings in 'n hoë- en laevlaksubkategorie verdeel, met die toepaslike verspreiding van punte en die omskrywings.
- Struktuur word nie deur die verdeling in 'n hoë en lae vlak beïnvloed nie.

ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTEL (AFDELING A) – EERSTE ADDISIONELE TAAL [50 PUNTE]

Kriteria		Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD EN BEPLANNING (Respons en idees) Organisering van idees vir beplanning; Bewustheid van doel, gehoor en konteks **30 PUNTE**	**Hoë vlak**	**28–30**	**22–24**	**16–18**	**10–12**	**4–6**
		- Respons is uitsonderlik/treffend en bo verwagting. - Idees is intelligent, volwasse en stem leser tot nadenke. - Uitsonderlike organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot.	- Respons baie goed; getuig van vaardigheid. - Idees heeltemal relevant, interessant en lewer bewys van volwassenheid. - Organisasie baie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot.	- Respons bevredigend. - Idees redelik samehangend en oortuigend. - Redelike organisasie en redelik samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot.	- Wisselvallige samehang in respons. - Idees onduidelik, nie oorspronklik nie. - Min bewys van organisasie en samehang.	- Respons heeltemal irrelevant. - Idees deurmekaar en nie op onderwerp gefokus nie. - Vaag en herhalend. - Geen organisasie nie en is onsamehangend.
	Lae vlak	**25–27**	**19–21**	**13–15**	**7–9**	**0–3**
		- Respons uitmuntend, maar uitsonderlik treffende eienskappe van 'n opstel ontbreek. - Idees intelligent en volwasse. - Knap organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot.	- Respons goed; getuig van vaardigheid. - Idees relevant, interessant. - Organisasie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot.	- Respons bevredigend, maar verval soms in onduidelikheid. - Idees redelik - samehangend en oortuigend. - 'n Mate van organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot.	- Respons is grootliks irrelevant. - Idees begin los staan en kan verwarrend wees. - Skaars 'n bewys van organisasie en samehang.	- Geen poging aangewend om in ooreenstemming met onderwerp te wees nie. - Heeltemal irrelevant en ontoepaslik. - Deurmekaar en geen fokus nie.

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTEL (AFDELING A) – EERSTE ADDISIONELE TAAL [50 PUNTE] (vervolg)

Kriteria		Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
TAAL, STYL EN REDIGERING Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel/effek en konteks; Woordkeuse; Taalgebruik en konvensies, punktuasie, grammatika, spelling **15 PUNTE**	**Hoë vlak**	**14–15**	**11–12**	**8–9**	**5–6**	**0–3**
		- Toon, register, styl en woordeskat hoogs gepas vir doel, gehoor en konteks. - Taalgebruik getuig van vertroue, indrukwekkend - Toon retories treffend en effektief. - Grammatika en spelling feitlik foutvry. - Knap gedaan.	- Toon, styl, register en woordeskat baie gepas vir doel, gehoor en konteks. - Taalgebruik effektief en 'n deurlopende gepaste toon word gebruik. - Grammatika en spelling grootliks foutvry. - Baie goed gedoen.	- Toon, register, styl en woordeskat gepas vir doel, gehoor en konteks. - Gepaste taalgebruik om betekenis oor te dra. - Toon is gepas. - Retoriese middele gebruik om betekenis te versterk.	- Toon, register, styl en woordeskat nie gepas vir doel, gehoor en konteks nie. - Taalgebruik baie basies. - Toon en woordkeuse skaars toepaslik. - Baie beperkte woordeskat.	- Taal onverstaanbaar. - Toon, register, styl en woordeskat minder gepas vir doel, gehoor en konteks. - Woordeskat so beperk dat dit onmoontlik is om sin te maak.
	Lae vlak	**13**	**10**	**7**	**4**	
		- Taalgebruik uitstekend en toon is retories effektief. - Grammatika en spelling feitlik foutvry. - Baie goed tot knap gedaan.	- Taalgebruik toepaslik en oor die algemeen effektief. - Toon gepas en effektief. - Enkele foute in grammatika en spelling. - Goed gedoen.	- Voldoende taalgebruik, maar teenstrydighede word opgemerk. - Toon oor die algemeen gepas en beperkte gebruik van retoriese middele.	- Taalgebruik onvoldoende. - Weinig indien enige sinsverskeidenheid. - Woordeskat baie beperk.	
STRUKTUUR Kenmerke van teks; Paragraafontwikkeling en sinskonstruksie **5 PUNTE**		**5**	**4**	**3**	**2**	**0–1**
		- Uitstekende ontwikkeling van onderwerp. - Uitsonderlike detail. - Sinne en paragrawe uitsonderlik gekonstrueer.	- Logiese ontwikkeling van details. - Samehangend - Sinne en paragrawe logies en toon variasie.	- Relevante detail ontwikkel. - Sinne en paragrawe goed gekonstrueer. - Opstel maak nog effens sin.	- Sommige punte geldig. - Sinne en paragrawe foutief. - Opstel maak nog sin.	- Noodsaaklike punte ontbreek. - Sinne en paragrawe foutief. - Opstel maak nie sin nie.
VERSPREIDING VAN PUNTE		**43–50**	**33–40**	**23–30**	**13–20**	**0–10**

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LANG TRANSAKSIONELE TEKSTE (AFDELING B) – EERSTE ADDISIONELE TAAL [30 PUNTE]

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT Respons en idees; Organisering van idees vir beplanning; Doel, gehoor, kenmerke/ konvensies en konteks **18 PUNTE**	**15–18** - Respons uitsonderlik, bo verwagting. - Idees intelligent en volwasse. - Grondige kennis van kenmerke van die soort teks - Skryfwerk behou fokus. - Samehang in inhoud en idees. - Idees behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun. - Gepaste en akkurate formaat.	**11–14** - Respons baie goed en demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks. - Behou fokus – geen afwyking nie. - Samehang in inhoud en idees; baie goed uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun. - Gepaste formaat met onbeduidende foute.	**8–10** - Respons voldoende en toon voldoende kennis van kenmerke van die soort teks - Nie heeltemal gefokus nie – enkele afwykings - Redelike samehang in inhoud en idees - Sommige detail ondersteun die onderwerp. - Formaat oorwegend gepas, maar met enkele foute.	**5–7** - Basiese respons toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks - Aanduiding van fokus, maar met afwykings - Inhoud en idees nie altyd samehangend nie. - Min detail ondersteun die onderwerp - Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas - Kritiese foute begaan.	**0–4** - Respons toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie - Betekenis onduidelik met groot afwyking. - Geen samehang in idees en inhoud nie - Baie min detail ondersteun die onderwerp. - Nodige reëls van formaat nie toegepas nie.
TAAL, STYL EN REDIGERING Toon, register, styl, doel/effek, gehoor en konteks; Taalgebruik en konvensies; Woordkeuse; Punktuasie en spelling **12 PUNTE**	**10–12** - Toon, register, styl en woordeskat hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks. - Grammatika akkuraat en goed gekonstrueer. - Feitlik foutloos.	**8–9** - Toon, register, styl en woordeskat baie geskik vir doel, gehoor en konteks. - Grammatika oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer. - Baie goeie woordeskat - Oorwegend foutloos.	**6–7** - Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel, gehoor en konteks - Enkele grammatikafoute - Voldoende woordeskat - Foute belemmer nie betekenis nie.	**4–5** - Toon, register, styl en woordeskat minder geskik vir doel, gehoor en konteks. - Grammatika onakkuraat met etlike foute. - Basiese woordeskat - Betekenis belemmer.	**0–3** - Toon, register, styl en woordeskat stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie. - Besaai met foute en verward - Woordeskat nie geskik vir doel nie - Betekenis ernstig belemmer.
VERSPREIDING VAN PUNTE	**25–30**	**19–23**	**14–17**	**9–12**	**0–7**

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

ASSESSERINGSRUBRIEK VIR KORTER TRANSAKSIONELE TEKSTE (AFDELING C) – EERSTE ADDISIONELE TAAL [20 PUNTE]

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT Respons en idees; Organisering van idees; Kenmerke/konvensies en konteks **12 PUNTE**	**10–12**	**8–9**	**6–7**	**4–5**	**0–3**
	- Respons uitsonderlik, bo verwagting. - Idees intelligent en volwasse. - Grondige kennis van kenmerke van die soort teks. - Skryfwerk behou fokus. - Samehang in inhoud en idees. - Idees behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun. - Gepaste en akkurate formaat.	- Respons baie goed en demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks. - Behou fokus – geen afwyking nie. - -Samehang in inhoud en idees; baie goed uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun. - Gepaste formaat met onbeduidende foute.	- Respons voldoende en toon voldoende kennis van kenmerke van die soort teks. - Nie heeltemal gefokus nie – enkele afwykings - Redelike samehang in inhoud en idees - Sommige detail ondersteun die onderwerp. - Formaat oorwegend gepas, maar met enkele foute.	- Basiese respons toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks - Aanduiding van fokus, maar met afwykings - Inhoud en idees nie altyd samehangend nie - Min detail ondersteun die onderwerp - Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas - Kritiese foute begaan	- Respons toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie - Betekenis onduidelik met groot afwyking - Geen samehang in idees en inhoud nie - Baie min detail ondersteun die onderwerp - Nodige reëls van formaat nie toegepas nie
TAAL, STYL EN REDIGERING Toon, register, styl, woordeskat geskik vir doel en konteks; Taalgebruik en konvensies Woordkeuse; Punktuasie en spelling **8 PUNTE**	**7–8**	**5–6**	**4**	**3**	**0–2**
	- Toon, register, styl en woordeskat hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks. - Grammatika akkuraat en goed gekonstrueer. - Feitlik foutloos	- Toon, register, styl en woordeskat baie geskik vir doel, gehoor en konteks. - Grammatika oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer. - Baie goeie woordeskat. - Oorwegend foutloos.	- Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel, gehoor en konteks - Enkele grammatika-foute - Voldoende woordeskat - Foute belemmer nie betekenis nie	- Toon, register, styl en woordeskat minder geskik vir doel, gehoor en konteks - Grammatika onakkuraat met etlike foute - Basiese woordeskat - Betekenis belemmer	- Toon, register, styl en woordeskat stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie - Besaai met foute en verward - Woordeskat nie geskik vir doel nie - Betekenis ernstig belemmer
VERSPREIDING VAN PUNTE	**17–20**	**13–15**	**10–11**	**7–8**	**0–5**

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.